

## 28 Januarie - BEGEER

**Skrifgedeelte: Galasiërs 5:16-24 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 5:17**

**S**oms dink ons dat begeerte totaal en al nie by gelowiges mag bestaan nie, maar God het ook begeertes. “Wat sy siel *begeer*, dit doen Hy” (Job 23:13). Hy *begeer* egter nooit ten koste van iemand anders nie, omdat die aarde en alles daarop aan Hom behoort (Ps 24:1).

Ons Here eis ook nie dat ons goeie begeertes moet onderdruk nie. Ons is geskep met goeie begeertes. Daarom sê Paulus: “Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle *begeertes* deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend” (Filip 4:6).

Hoe die natuurlike mens se begeertes egter na die sondeval (in die vlees) werk, word so beskryf: “’n Mens word verlei deur sy eie *begeertes* wat hom aanlok en saamsleep. Daarna, as die *begeertes* bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood” (Jak 1:14-15).

Daarom sê Jesus vir die Fariseërs: “Julle het die duiwel as vader en die *begeertes* van julle vader wil julle doen ... ” (Joh 8:44). Deur die greep wat Satan deur die sonde op die *begeertes* van die mens gekry het, het hy daarin geslaag om groot verwoesting te saai.

Met sondige, vleeslike begeertes staan ons skuldig voor God. Weerstaan dit vanaf die staanspoor, “want die vlees *begeer* teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie” (Gal 5:17).

“Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en *begeerlikhede* gekruisig” (Gal 5:24). Begeer dus deur die Gees!

*Sing: Psalm 42:1 (1936)*

*Ds DP Prinsloo (Outjo, Otjiwarongo, Biermanskool)*